Plectranthus neochilus

E: lobster flower, smelly spurflower A: rotstuinsalie D: Verpiss-dich-Pflanze

As ons ons vererg vir katte en/of honde, wat ons siertuine besoek om te grawe, in die beddings te kom lê of dit as toilet te gebruik, is hierdie plant dalk net **die** oplossing; *Plectanthus neochilus* of *Plectanthus caninus.*

Dit is ‘n kruid met ‘n baie sterk reuk, veral by aanraking, meer of minder aangenaam, dis slegs ‘n kwessie van smaak. In elk geval hou honde, katte, slange, muskiete, vlieë en motte nie daarvan nie.

Die plant kom in groot dele van Afrika voor, groei hier in Namibië in bosveld, dikwels in die skaduwee van Acacia mellifera (daar het ek dit gesien) in sanderig-kleierige grond. Dit vorm kolle (patches) van 25 tot 30 cm hoog groeiende liggroen (in skaduwee) of grysgroenerig (in volle sonlig) sagte kruidplante wat in laatsomer blou of bloupers begin blom.

Dit kan handig in ons tuine gebruik word as **gronddekker,**in die groentetuin as **buurman vir groenteplante om plae af te weer**, in die rotstuin omdat dit **min water** gebruik, en mooi lyk as dit blom. Dit kan baie maklik van steggies gekweek word, aard ook in potte. Selfs as **tee** kan dit gebruik word soos minttee, ons sien d, ‘n nuttige plant met veelsydige eienskappe. ‘n Mens moet dit net beheer, dit neig tot uitbreiding.

Dit word wêreldwyd in tuine gebruik, behoort in kwekerye aangebied te word teen ‘n gunstige prys.

Inligtingsbronne: Guide to Succulents of Southern Africa (Gideon F.Smith, Neil R.Crouch)

Wikipedia (gee Plectranthus images in, daar is baie verskillende soorte)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Maart 2018